# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

18 Oktober 2020



www.gkcachet.org.za

## Afrikaanse eredienste

Sondae 9:30 & 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op die NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28

## English worship service

Sundays 11:00

In the Church House on the NWU-PUK Campus, Hoffman street 28

**Kerkkantoor in die GS**

Lulu Coetsee – 018 294 4894 of 079 494 7360

Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

**Predikant**

Brahm Robinson – 064 656 1374

brahmrobinson@gmail.com

## Kontakpersone & Inligting

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Koster & Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Vir vervoer na eredienste & kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Erediens preke & oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

## Liturgy: Morning Service 18 October 2020

## Theological Student Jandré Coetsee

**Votum and Greet Blessing**
Hymn of Praise: Psalm 116:1, 4, 5
**Confession of Faith:** Apostle's Creed
Sing:
**Law:** Exodus 20
Sing: Hymn 257:2, 3
**Prayer**
**Sermon:** Matthew 11:25-30
Focus verses: Matthew 11:28-30
Theme: The revelation of Jesus Christ gives rest
to those who carry His joke
**Prayer**
Sing: Hymn 261:1, 2, 3, 4, 5, 6
**Collection of Love-Offerings**
Sing: Psalm 100:1, 2, 3, 4
**Sending Blessing**
Sing: Hymn 258


Livestream

## Liturgie: Aanddiens 18 Oktober 2020

## Ds Brahm Robinson

**Votum en Seëngroet**
Lofpsalm: Psalm 104-1:1, 2, 4, 5, 12, 14, 19
**Geloofsbelydenis**
**Wet**
**Gebed**
Sing: Psalm 18-1:1, 14
**Woordbediening:** Genesis 1:1-2:4
Fokusverse: Genesis 1:27-28a
Tema: God skape die mens na sy beeld om te werk tot sy eer
**Gebed:** Skrifberyming 20-2:1, 3, 6, 7
**Liefdegawes**
Sing: Psalm 139-1:6, 7, 8, 9
**Uitstuurseën**
Amen: Skrifberyming 13-3

Uitsending




## ***Lief en Leed:***



- † **Baie geluk aan Lizelle Marx en Johan Benson wat môre trou! Mag die Here julle huwelik seën (Spr. 3:3-5).**





## Liefdegawes:

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir die eerste kollekte:<br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287 | **Oggend 1ste kollekte:**<br>Ramings – GKSA<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Ramings – GKSA<br>(deponeer elke kollekte apart) |
| **Vir die werk van die diakonie:** | |
| Snapscan vir tweede kollekte:<br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324 | **Aand 2de kollekte:**<br>Instandhouding van die GS<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Instandhouding van die GS<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| **Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:** | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:



| | | |
|---|---|---|
| 19 | Oktober | Lodewyk Koch |
| 19 | Oktober | Carolien van der Wetering |
| 19 | Oktober | Tineke van der Wetering |
| 20 | Oktober | Jan Hendrik Greyling |
| 21 | Oktober | Doné Roets |
| 21 | Oktober | Renzia van der Walt |



*Want goedertieren is die HEER;*
*sy goedheid eindig nimmermeer;*
*sy trou en waarheid hou hul krag*
*tot in die laaste nageslag. ~ Psalm 100:4*

# Administratief

## Cachet word 50!

Ons vier volgende jaar Cachet se 50ste verjaarsdag! Ons gaan dwarsdeur die jaar verskillende feesvieringe hê. As jy daarvan hou om partytjies te reël en betrokke wil wees by die reëlings, kontak asseblief vir Lulu. (Haar telefoonnommer is op p. 2 in die Cachetbiljet.)









[Cachetdinee 6 November]

# Goeie nuus – 2 nuwe Bybels vir die mense van Suid-Afrika!




Geagte Kerkvriende

Dit is met vreugde dat die Bybelgenootskap oor die komende weke die bekendstelling van twee nuwe Suid-Afrikaanse Bybelvertalings aankondig. Eerstens die isiZulu, iBhayibheli Elingcwele 2020 op 18 Oktober en daarna die Afrikaanse, Die Bybel: 2020-vertaling op 29 November. Dit voltooi baie jare se ywerige werk aan elkeen van hierdie projekte, gekenmerk deur noue samewerking tussen die Bybelgenootskap en baie kerkgenootskappe. Ons is dankbaar vir hierdie samewerking.

Ek is seker dat u in ons vreugde en danksegging deel. Bid asseblief saam met ons dat God se Woord, veral deur hierdie nuwe Bybels, 'n tuiste in baie harte sal vind.

Deel gerus hierdie goeie nuus met u Kerk. Van ons kant, stel die BSA die besonderhede rakende die beskikbaarheid van hierdie Bybels aan alle gemeentes en individue op ons kontaklyste bekend deur middel van ons organiserende sekretarisse en verkoops- en kommunikasie-spanne. Ek het ook al aan u verteenwoordigers by ons AJV geskryf.

Hierdie twee Bybels, tesame met die Engelse Bybel vir Dowes wat in November verlede jaar bekendgestel is, sal die aantal nuwe Bybels wat in die BSA se 200ste bestaansjaar aan die mense van Suid-Afrika voorsien is, op drie te staan bring – 'n gepaste manier om hierdie mylpaal te vier!

Ons beoog om beide die komende bekendstellings regstreeks op ons sosiale mediakanale (Facebook- en YouTube) uit te saai.

In diens van die Woord

**dirk gevers**
uitvoerende hoof

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

200
1820 – 2020

e-SAAIER
200 1820 - 2020
www.bybelgenootskap.co.za




## Bybelvertaling spreek tot die hart

Op 30 September is Internasionale Vertaaldag regoor die wêreld gevier.

In 1991 is die idee van 'n vertaaldag wat amptelik erken word, deur die Internasionale Federasie van Vertalers voorgelê. Daar is besluit om dit jaarliks op 30 September te hou, dieselfde dag waarop die lewe van Eusebius Sophronius Hieronimus, oftewel St Jerome, vereer word.

St Jerome, wat as die beskermheer van vertalers gesien word, is in 347 gebore en word as die mees geleerde van die Latynse Vaders geag. Hy was 'n Bybelvertaler en kloosterleier en sy talle bybelse en teologiese werke het ’n ingrypende invloed in veral die vroeë Middeleeue gehad. Hy was ook verantwoordelik vir die Latynse vertaling van die Bybel, die Vulgaat, wat vandag nog in kerke gebruik word.


Eerskomende naweek gaan nog 'n Bybelvertaling die lig sien. Die jongste isiZulu Bybelvertaling sal op Sondag, 18 Oktober, in Ulundi in KwaZulu-Natal bekendgestel word.

Net soos St Jerome se werk gehelp het om die Bybelteks vir menige te ontsluit, sal 'n hele nuwe geslag isiZulusprekers nou ook met nuwe oë en insig die Woord van God kan lees. Die vertaling van die isiZulu Bybel wat tans deur die meeste Zulu's gebruik word, is ouer as 60 jaar en baie van die woorde wat daarin vervat is, is onbekend aan jonger lesers. Die dinamiese aard van taal asook die ontwikkeling van Bybelwetenskap en vertaalkunde beteken dat Bybelvertaling 'n voortdurende proses is.

Min dinge raak 'n mens so diep as die gesig van iemand wat vir die eerste keer God se Woord in sy of haar eie taal lees. Dit is hoekom ons so opgewonde is oor twee van die vertalingsprojekte waarmee ons tans besig is. Die vertaling van die Bybel in Khwedam en !Xun sal verseker dat hierdie twee taalgroepe wat in die Noord-Kaap en in van ons buurlande woonagtig is, ook die Woord van God in hul hartstaal sal hoor.

Al hierdie werk om die Bybel vir elke mens toeganklik te maak, is danksy die samewerking en ondersteuning van ons ondersteuners. Dankie vir julle gebede en donasies wat ons in staat stel om die Woord van God, die brood van die lewe aan een en almal beskikbaar te maak.





*Gorrel klanke en derglike dinge*

*Hartpyn en Hartesmart*

*Hoor jy my versugtinge?*

*Verwaand en verward,*

*Verlei, vervalle, verleidend en afvallig,*

*Hoekom lyk die lewe so drie en 'n kwart?*

*Lei my na die waters van rus*

*Na die stille aandbries van die Heilige teenwoordigheid*

*Hoor my soeke na U sus*

*My stille swyg van pyn en kramp*

*Vader dit is U*

*U alleen*

*Bring my na U heen*

*~ Jool*

*13 Oktober 2020*